WellingtonINFO 2014.03.03

Onderstaande skrywes bevat baie belangrike inligting waarvan inwoners van Wellington en Paarl kennis behoort te neem. Let veral op die waarskuwings deur die SAPD Wellington in die Misdaad oorsig asook die skrywe vanaf Ansulaine ivm die bedrogspul waar kliënte van besighede geteiken word met bankbesonderhede wat "verander" word.

Dit het ook onder ons aandag gekom dat iemand die afgelope week R1900.00 kwyt is nadat hulle die soveelste slagoffer van die "Microsoft scammers" geword het. Kortliks kom dit daarop neer dat kriminele jou sal skakel en hulle self voordoen as werknemers van Microsoft. Hulle vra dan toegang (per internet) na jou rekenaar en oortuig dan die slagoffers dat daar iets fout is met die rekenaarsagteware wat natuurlik teen 'n fooi reggemaak kan word. Meer inligting t.o.v. van die bedrogspul kan op die webtuiste gevind word by www.wellingtoninfo.co.za, maar kortliks net die volgende:

a) Moet nooit iemand toegang gee tot jou rekenaar wat jy nie ken of vertrou nie, veral nie telefonies nie
b) Vra jouself af, hoe weet die persoon dat daar fout op jou rekenaar is sonder dat hulle toegang daartoe het.
c) Wanner jy so 'n oproep kry beëindig die gesprek onmiddellik.
d) Lees die waarskuwings wat jy op WellingtonINFO kry, dit kan jou dalk 'n meer as net 'n kopseer spaar.

Epos 1: Dankie vir die reaksie
"Goeiemiddag, Hiermee net `n ongelooflike dankie vir al die kontakte wat gereageer het op my epos rakende "Engels in Suid Korea" – ek kan beslis hierdie kommunikasie kanaal via admin@wellingtoninfo.co.za aanbeveel. Nie gedink daar is SOVEEL Suid Afrikaners in Suid Korea…. Groete." Sandra

Epos 2: Verlore sleutels gevind
"Ek het vanoggend so net voor half ag, 'n bossie sleutels opgetel. In die middel van die straat, Bo-Burgsrtaat. dit het net 'n grys materiaal bandjie, vir 'n sleutelhouer. Die persoon kan my kontak via epos of selnr 0832718970. Groete Christine Oberholzer"

Epos 3: Belangrike waarskuwing t.o.v. bedrogspul (teikengroep is besighede)
"Ek wil graag die vlg aanmeld: Gister het een van ons kliënte my geskakel om net die verandering van ons bank besonderhede te bevestig. Ek het dadelik vir haar gesê dat dit nie verander het nie en dat ek vermoed dit iemand is wat bedrog wil pleeg. Sy het die email met "nuwe" inligting vir my aangestuur en dit is verstommend hoeveel inligting van ons besigheid en van ons kliënt op die dokumente is, kompleet met 'n bankbrief en gekanselleerde tjek. Tot die email wat aan haar gestuur is, kom van my email adres. Ek het onmiddellik die bank gekontak en dit aangemeld en hulle het die "nuwe" rekening geblok.
Dit lyk vir my of al die inligting (logo ens) van ons website getrek is vir die opstel van die dokumente.

Gelukkig het ons klient my gekontak, want daar is werklik niks wat ek sou kon doen om dit te verhoed nie. So my voorstel is dat indien iemand 'n kennisgewing van veranderde bankbesonderhede ontvang – bevestig maar eers. Groete Ansulaine Spies"

<u>Misdaadverslag deur SAPD:</u>

Besit van dwelms te Elukolweni straat, New Rest, Wellington
Op Saterdag 2014-02-22 om 20:45 het lede van die Wellington misdaad voorkomings eenheid, onder leiding van A/O AA September inligting ontvang van n` verdagte wit Peugeot voertuig wat besig was om tik te versprei aan die omliggende dwelm huise geleë te Sagwithy straat, New Rest, Wellington. Inligting was opgevolg en was die voertuig

gevisenteer waarop konstabel Festus beslag gelê het op 53 gram Tik, wat versteek was in die petrol tenk van die voertuig. Geraamte straat waarde van die Tik beloop ± R15900. Buitelandse verdagte, John Kennedy, was gearresteer. Die eenheid het ook op Sondag 2014-02-23 beslag gelê op 4.3 kg dagga was verlate gevind was in n` hok geleë naby die treinspoor te Swartberg straat, OR, Wellington. Inligting was verskaf deur n` lid van die publiek. Die gebruik van dwelms asook die verspreiding daarvan is besig om jaarliks toe te neem in die Wellington omgewing en het weer n` uitwerking op ander ernstige misdaad soos huisbrake, diefstalle en rowe. Publiek word gemaan om inligting te verskaf rondom dwelm verspreiding sodat daar daadwerklik teen hulle opgetree kan word. Alle inligting verskaf sal vertroulik gehou word.

Parool voortvlugtende, Izel Mcbean
Parool voortvlugtende, Izel Mcbean, wat vir n` geruime tyd deur die Paarl Korrektiewe Dienste kantore gesoek was, was op Saterdag 2014-02-22 gearresteer deur lede van die Wellington misdaad voorkomings eenheid by n` prominente dwelm huis te 93 Msobomvu straat, New Rest, Wellington, nadat inligting deur lede van die publiek verskaf was

Diefstal (Card Cloners) Checkers Welgeleë, Wellington:
Op Woensdag 2014-02-20 om 20:15 het die klaer geld probeer onttrek by die Absa Atm toe hy genader was deur drie onbekende swartmans. Twee van die mans het die klaer besig gehou terwyl die derde verdagte op die sleutelbord van die Atm gedruk het. Die klaer se Capitec bank kaart en strokie was toe gevat deur die verdagte en was die klaer aangesê om sy pin nommer in te druk waarop hy alarm gemaak het en vriende van hom wat daar naby in n` voertuig gesit het, het hom te hulp gesnel, waarop die verdagtes gevlug het in n` wit VW Polo met reg nr. NJ 29012. Daar was later vasgestel dat die voertuig betrokke voertuig n` gehuurde voertuig was.
Lede van die publiek word gemaan om nie laat gedurende die aande geld te onttrek by afgeleë kitsbanke nie en ook seker te maak dat geen verdagte persone en of voertuie daar naby is nie alvorens geld onttrek word nie. Voorvalle moet onmiddellik by die polisie aangemeld word, aangesien die misdaad besig is om toe te neem en verdagtes die situasie uitbuit deur onkunde van klaers wat toelaat dat daar gepeuter word met die kitsbank terwyl transaksies gedoen word.

Publiek word gemaan om nie die Atm te verlaat nie en onmiddellik hulle bank kaarte te laat stop by tolvrye nommers beskikbaar by die Atm`s en die polisie onmiddellik in kennis te stel.

Misdaad oorsig. (bevat belangrike waarskuwing)
Eiendoms verwante misdaad soos huisbrake en diefstal vanuit motor voertuie is aan die toeneem en die mees geaffekteerde gebiede is geleë in Sektor 3. Gebiede wat uitstaan is Wellington-Oos (vanaf Dorrisrylaan tot en met Welvanpasweg), Ranzandale (vanaf Bain tot Burg straat), Uitsig (Black Prince en Disa straat), Wellington sentraal (vanaf Murray tot by Addy straat(en veral Bergkruin woonstelle). Sporadies voorvalle ook gerapporteer te Wellington Noord waar besighede geteiken word geleë te Versailles straat.
Huisbrake wonings word groot en deels gedurende die dag tussen 08:00 - 17:00 gepleeg by bo-genoemde gebiede geïdentifiseer terwyl die diefstal van uit motor voertuie gedurende die nag plaasvind tussen tye 00:00 - 06:00.

Lede van die publiek word gemaan om nie duursame items in voertuie te los nie en ook hul voertuie in toesluit motorhuise te los aangesien geleenthede geskep word vir misdadigers. Lede van die publiek word ook aangeraai om alle verdagte persone en voertuie aan te meld asook om meer sekuriteit bewus te raak deur eiendom te beveilig.

Items wat groot en deels geteiken word is elektroniese toerusting soos skoot rekenaars (laptops), selfone, kontant en juwele.

Col. J Barkhuizen, WELLINGTON SAPS

Epos 4: Gesteelde Troeteldier

“Groen Lovebird met hok en al gesteel Dinsdagoggend uit erf in Malanstraat: kontak asb. 072 3290747 indien u enige inligting kan veskraf of indien iemand die troeteldier aan u probeer verkoop. Indien iemand die voëltjie te koop aanbied, koop dit asb. ek sal die persoon se geld terug gee.”

Epos 5: Ondersteun St Albans Skool:
“St Albans Primary School: 14 & 15 March 2014 – Emo Adams, Amy Jones Zoe Zana & Ashley Pienaar Toegang is R30.00 (R20.00 vir kinders) Pensionarisse gratis.” Weblink:
http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/wellingtoninfo/gebeure/